

“Leef só dat jy nie die selfverwyt van verraad hoef te ervaar nie!”

In die Paastyd dink ons met groot dankbaarheid aan die versoening wat Jesus Christus vir ons deur kruis en opstanding berei het. Daar gaan egter ook 'n ander boodskap van die Paasgebeure uit. Dít naamlik die boodskap van die radikale skeiding wat daar rondom die Persoon van ons Here Jesus plaasgevind het:

- Enersyds die aandoenlike toneel van Johannes en Maria wat as moeder en seun aan mekaar toegesê word.
- Andersyds die dissipels wat in Getsemane van Jesus af wegvlug.
- En ja, ook die hartseerverhaal van Petrus wat Jesus drie keer verloën het in daardie vreeslike ure tussen Getsemane en Golgota. Dít slegs enkele ure nadat Petrus met nadruk verklaar het dat hy Jesus so liefhet dat hy bereid was om saam met Hom in gevangenskap te gaan en saam met Hom te sterwe.

Hierdie verhaal van Petrus se val (en opstanding) is vir ons besonder aktueel, aangesien daar – na gelang die einde naderkom – ook van ons toenemend 'n duidelike posisiekeuse ten opsigte van Jesus Christus gevra sal word. Tussen Jerusalem en Babilon is daar geen neutrale terrein nie. Jy is of vír Jesus, of jy is téén Hom. En na gelang die antichris se skadu nóg donkerder oor ons val, sal die skeiding selfs skerper word.

Petrus is deur die kraai van 'n haan herinner aan sy drievoudige verloëning van Jesus. Maar omdat hy opregte berou gehad het, kon hy die wonder van vergifnis ervaar en is hy in sy amp herstel (Joh 21). Uiteindelik kon hy sy liefde vir Jesus in sy eie marteldood bevestig.

Daarom is dit belangrik om juis nou te vra: Waar staan jy ten opsigte van die terugkerende Christus ... ook wanneer die soldate van die Antichris in die aanloop tot Armageddon gereed staan om vir jou (net soos destyds vir Petrus) gevange te neem?

Maak seker dat jy só lewe dat mense jou aan jou styl en aksent maklik sal uitken as iemand wat loop in die voetspore van “daardie man” uit Nasaret! Die loon van hulle wat enduit aan Hom getrou bly, is inderdaad “groot in die hemel!”

Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5

Ds JJ Cloete (Koster)